

# Handelinge

## Hoofstuk 8

### Inleiding

As ons nie diep in die geskiedenis "inkyk" nie, lyk dit asof ongelowiges hulle eie reëls kan maak en gelowiges doodmaak. Op die oog af lyk dit asof hulle ook niks oorkom as hulle die gruwelike sonde doen van moord op onskuldiges wat werklik in die Here glo.

Van God se kant af, is dit nie so nie. Hy roep die moordenaars van gelowiges iewers tot verantwoording op.

- Kaïn het Abel doodgeslaan. Die bloed van Abel het egter by die Here gekla oor die onreg wat gebeur het. God het Kaïn gaan opsoek en van hom verantwoording ge-eis.

**Toesê die HERE vir Kain: Waar is jou broer Abel? En hy antwoord: Ek weet nie. Is ek my broer se wagter? En Hy sê: Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af.** (Genesis 4:9-10 AFR53)

Die Here openbaar dat daar selfs in die hemel gebid word deur al die mense wat ter wille van hulle geloof doodgemaak is dat die Here iets daaraan moet doen.

**En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuie wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?** (Openbaring 6:9-10 AFR53)

Mettertyd gaan die Here wel iets aan die moordenaars doen - maar dit gebeur eers met die wederkoms.

Dit beteken nie dat diegene wat hier doodgemartel is - soos Stéfanus - se dood nie op die ander mense 'n indruk gemaak het nie.

- Dit het die ware gelowiges gedryf om net soveel sterker vir die Here te getuig.
- Die gemarteldes se getuie is het gemaak dat die ander gelowiges hulle voorbeeld gevolg het en ook eerder gesterf het vir die Here as om van hulle geloof afstand te doen.

Natuurlik het dit op die vyande ook 'n indruk gemaak.

- Dit het die ongelowiges gedwing om hulle ongeloof in die styl van die duiwel se eie handewerk uit te lewe. (Soos dit deur die eeue gebeur het!).
- Hulle het die Christene wreed vervolgt.

So begin Lukas onder die leiding van God die Heilige Gees om van hoofstuk 8 af 'n ander faset van die kerk se geskiedenis te beskryf.

### Versverklaring

#### Vers 1

**En Saulus het ook sy vermoording goedgekeur. En daar het in dié tyd 'n groot vervolging teen die gemeente in Jerusalem ontstaan, en almal is verstrooi oor die streke van Judéa en Samaría, behalwe die apostels. En godvresende manne het Stéfanus begrawe en 'n groot rou oor hom bedrywe.** (Handelinge 8:1-2 AFR53)

Waarom sou Lukas nou die sinnetjie neergeskryf het! **En Saulus het ook sy vermoording goedgekeur.**

Die antwoord is baie gekompliseerd.

- Die eerste doel is om die diep sielingsgesteldheid van die Jode bloot te lê. Die haat teen die Here Jesus as

gevolg van hulle onverstaan van die openbaring van God het veroorsaak dat hulle dade God se kerk op die aarde swaar geskend het.

- Die Sanhedrin het Stéfanus nie doodgemaak oor politieke oorwegings nie.
- Hulle het hom ook nie doodgemaak omdat hulle persoonlik wraak wou neem nie.
- Hulle het hom doodgemaak omdat die moord gedra was deur hulle ernstigste geloofsoortuigings. Daarmee het die Here Jesus se woorde begin waar word:

**Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diensaan God bewys.** (Johannes 16:2 AFR53)

**NB:**

- In hierdie woorde van die Here Jesus lê daar in 'n sekere sin 'n verontskuldiging vir die mense wat sondes doen: Hulle weet nie wat hulle doen nie, omdat hulle insig hulle in die steek laat.
- Andersyds openbaar die Here daarmee 'n bepaalde sondige sielsgesteldheid by sogenaamde gelowiges - dit is naamlik dat hulle in hulle valse ywer vir die Here die voortgang van die Woordverkondiging belemmer. Stéfanus wat nog (menslik gesien) baie kon preek en kerke stig, lê bebloed en verguis doodgegooi met klippe buitekant die stad.

*Dit behoort ons ook diepte laat dink, want is dit versekerso dat ons onderlinge verskille (en haatdraendheid wat daarmeesaamgaan) nie altyd gedra word deur die wil en die seën van die Here nie. In die feite van die geskiedenis lê daar dus die imperatief dat hierdie soort van gebeurlikheid nie in die kerk van die Here moet voorkom nie.*

Verder is die bedoeling van hierdie sin van Lukas dat dit die genade van God kan openbaar.

- Saulus was self deel van die oneerbare en hulle haatlikheid!
- Lukas weet dit en skryf dit neer, want die man saam met wie hy werk, het dit vir hom vertel – Paulus!
- MAAR by God kan 'n mens nooit so diep in sy sondes verlore raak dat die reddende hand van God hom nie meer kan raakvat nie!
- Daarvan is Saulus/Paulus die mooiste voorbeeld!

Die donker kant is dat die hel in 'n gejuig oopbars wanneer gelowiges onder mekaar begin veg. God die Heilige Gees openbaar dit baie skerp met die woorde:

**En daar het in dié tyd 'n groot vervolging teen die gemeente in Jerusalem ontstaan, en almal is verstrooi oor die streke van Judéa en Samaría, behalwe die apostels.**

Hierdie “gelowige” moordenaars het nie geskrik vir die bloed aan hulle hande nie. Dit het hulle juis aangevuur om meer bloed te laat vloei.

- Ons moet daarop let dat die Here hier besig is om die optrede van sy kerk te beskryf. Dis geweldig hartseer.
- Ons sou graag wou hê dat dit liever die geskiedenis van die heidenwêreld teen God se kerk moet wees.
- Maar dit is nie so nie. Die interne gevegte laat die meeste heilige bloed vloei.
- Mag die Here ons tog met sy Gees lei dat ons hierdie dinge kan raaksien en reg hanteer.

Onthou die ou gesegde: God tel nie. Hy weeg. Getalle is nie vir die Here belangrik nie. Die verlossing van selfs net een mens is vir God belangrik. Dit kom uit in die volgende aanhaling:

**Eksê vir julle dat daar net so blydskapsal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor negeen negentig regverdige wat die bekering nie nodig het nie.** (Lukas 15:7 AFR53)

**So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.** (Lukas 15:10 AFR53)

Die duiwel se kop werk anders: Hy tel. Hierdie stukkie geskiedenis openbaar dit ook:

- Die Here Jesus is dood (volgens die Jode!)
- Petrus en Johannes is verhoor en die swye opgelê.

- Stéfanus is nou ook dood.
- Nou rig die duiwel getallegewys 'n groot slagting aan: vervolg die Christene deur die hele destyds bekende wêreld. Maak hulle dood en elimineer hulle!

Hierdie stuk geskiedenis openbaar ook iets anders wat meer belangrik is as die satan se vervolgsugtigheid. Dit is die ding wat ons in ons geloofsleer noem: **Die Here gebruik die sonde in diens van sy eer.**

- Die Here laat hierdie vervolging toe, want daarmee laat Hy die gelowiges die hele wêreld vol vlug - so versprei Hy die evangelie van verlossing deur die Here Jesus Christus.
- Vreemde mense kom tog nie op 'n plek aan sonder om die verhaal van hulle verlede te vertel nie.
  - So vertel die vlugtelinge waarom hulle vlug en wat hulle glo.
  - So word daar rondom hierdie mense kerke geplant - sonder dat die apostels dit gedoen het.

**En toe die apostels in Jerusalem hoort dat Samaría die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur.** (Handelinge 8:14 AFR53)

Die duiwel is eintlik in sy diepste wese 'n onseker skepsel. Daarom gryp hy altyd na die uiterstes toe.

- In die geval van die vervolging van die kerk, wend hy die weermag/polisiemag aan teen 'n ongewapende kerk.
- So ontstaan daar 'n groot vervolging.
  - Die vervolging was baie bloedig en gewelddadig - die spesifieke konstruksie in die Grieks sê dit.
  - Die normale manier van sê dat dit ding erg was, is om net te sê dat daar 'n opstand was (want 'n opstand is sy wese 'n groot ding):

**Dié was oor 'n sekere opstand wat in die stad plaasgevind het, en oor 'n moord in die gevangenis gewerp.** (Lukas 23:19 AFR53)

- Of om die saak eufemisties te stel:

**En omtrent hierdie tyd het daar geen klein opskudding met betrekking tot die Weg ontstaan nie.** (Handelinge 19:23 AFR53)

Wanneer die saak reguit gestel word dat dit 'n **groot** vervolging is, beteken dit dat die saak regtig baie ernstig was!

Wat gebeur met hierdie vervolging wat nou teen die Christene ontstaan, is dat die stad wat simbool is van die Godstad in die hiernamaals nou die plek word waarvan die administrasie en die aanval op God se Nuwe Testamentiese Kerk gemasjineer word.

- Die Here Jesus Christus het dit ook al vooruit gesê met die woorde: **Maar dit is julle uren die mag van die duisternis.**

**Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel, en julle het nie die hande teen My uitgesteek nie. Maar dit is julle uren die mag van die duisternis.** (Lukas 22:53 AFR53)

So word die kerk van God uitmekargejaag en word elke Christelike samekoms van aanbidding deur die Jode en die Romeinse soldate omskep in 'n partytjie van bloed vir die satan.

Let op hoe implisiet word die ang en vrees van die Christene beskryf - maar hulle bly getrou aan hulle geloofsoortuigings al vlug hulle.

**... en almal is verstrooi oor die streke van Judéa en Samaría,**

Die feit dat Samaria 'n toevlugsoord word vir die christene impliseer dat 'n baie groot ang hulle daarheen gedryf het.

- Geen Jood sou dit onder normale omstandighede oorweeg het om by die Samaritane te gaan wegkruip nie.

- Die rede is dat die Samaritane Jerusalem met sy heiligdom verag het!

Let baie prakties op na die veranderde omstandighede wat vir die kerk van die Here ingetree het:

- Ons lees dat hulle eers met eenvoudigheid van hart saam geëet het en die Here aanbid het.

**En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempelen van huis tot huis broodgebreek en hulle voedsel met blydskape eenvoudig van hart geniet,** (Handelinge 2:46 AFR53)

- Daardie idilliese manier van vreedsame aanbidding het meteens plek gemaak vir angste, armoede en vervolging.

**Vraag: Hoe sou ons gemeente onder sulke omstandighede vaar?**

'n Probleem om eksegeties te verklaar is: Waarom het die apostels in die stad agtergebly? Waarom het hulle nie ook gevlug nie?

Die vraag is moeilik om te verklaar, want die Here Jesus het hulle toestemming gegee om te vlug!

**En wanneer hulle julle vervolgin in die een stad, vlug na die ander toe. Want voorwaar Ek sê vir julle, julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie.** (Matteus 10:23 AFR53)

Die antwoord is:

- Ons weet nie waarom het hulle in Jerusalem agtergebly nie.
- Ons weet ook nie hoe hulle in so 'n klein (destyds!) dorpie vir die Sanhedrin en die soldate kon wegkruip nie.
- Ons weet net hulle was daar in Jerusalem en hulle is nie doodgemaak nie.

Tot hier het Lukas die vervolging en wat nog alles skeefgeloop het met die gemeente in Jerusalem, verhaal.

Skielik (feitlik abrupt) gaan hy terug na Stéfanus toe. Die verhaal word afgerond met die feit dat ... **godvresende manne het Stéfanus begrawe en 'n groot rou oor hom bedrywe.**

Daar was dus nog mense oor wat dit gewaag het om 'n medegelowige te begrawe.

Waarom sou die Sanhedrin dit toelaat?

Die antwoord hierop is redelik eenvoudig:

- Hulle sou juis wou hê dat die dooies begrawe moet word volgens die seremoniële gebruike van hulle tyd.
- Daarom het hulle ook toegelaat dat daar groot rou bedryf is oor Stéfanus - dit was deel van die seremoniële wette van hulle tyd om selfs roubeklaers te huur om die huilwerk te kom doen as iemand dood is.

Dit is wel so dat hulle 'n manier gehad het om mense vir wie hulle nie respek gehad het nie, sommer net in die veld weggegooi het.

**Daarom sê die HERE so van Jójakim, die seun van Josía, koning van Juda: Hulle sal hom nie beklag met: Ag, my broer! of ag, suster! nie. Hulle sal hom nie beklag met: Ag, heer! of—ag, majesteit! nie. Met 'n eselsbegravnissal hy begrawe word—weggesleepen neergegooi ver van die poorte van Jerusalem af.** (Jeremia 22:18-19 AFR53)

Daar was dus wel genoeg respek vir Stéfanus dat toegelaat is dat hy begrawe word.

**Vers 3**

**Maar Saulus het die gemeente verwoes en in die huise gegaan en manne en vroue uitgesleepen in die gevangenis oorgelewer.** (Handelinge 8:3 AFR53)

Die jong Saulus het nie net die steniging van Stéfanus goedgekeur nie; dit het by hom opnuut haat laat opvlam teen die Christene wat nog geleef het.

Hy het dus van homself 'n stryder teen alle Christene gemaak. Wie kan teen God veg?

(Paulus se aanval op die kerk van die Here is amper soos Don Quixote se aanval op windmeulens!)

Waarom?

- Omdat hy as jong Fariseër opgevoed was dat net die werke van die wet jou voor God kan regverdig.
- Alles wat hierteen ingegaan het, moes hy haat met alles wat in hom is.

Vir hierdie ideaal het Paulus sy hele wese met hartstog gegee: Hy wou almal wat teen die werkheiligheid van die wet stry, doodmaak.

- Die vervolging geld veral dan die Christene, want hulle het juis geleer dat hulle nie hulle heiligheid in die wet kry nie, maar dat hulle geregtig word deur die soenbloed van die Here Jesus Christus.
- Dit het Paulus later baie gehinder. Hy skryf vir die Galasiërs:

**Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom, dat ek die gemeente van God uitermate vervolgen dit verwoes het;** (Galasiërs 1:13 AFR53)

**Hierdie Weg het ek vervolgtot die dood toe, en manne en vroue geboeien in gevangnisse oorgegee,** (Handelinge 22:4 AFR53)

**En in al die sinagoge het ek hulle dikwels gestraf en gedwing om te laster; en ek het uitermate teen hulle gewoeden hulle vervolgt, selfs tot in die buitelandse stede.** (Handelinge 26:11 AFR53)

**... Saulus het die gemeente verwoesen in die huise gegaan en manne en vroue uitgesleep. . .**

Die proses wat hier beskryf word, is nie 'n sagte een nie.

- Saulus het met sy soldatekorps met geweld in die mense se huise ingegaan.
- Daar is Skrifverklaarders wat meen dat hierdie manier van in mense se huise ingaan, selfs kan beteken dat deure wat gesluit was, afgebreek is.

Die mense is uitgesleep. Net gewelddadige (!) doen dit!

- Die prentjie van hoe sleg Saulus regtig was, kom uit in dit wat hyself later vertel:
  - Hy het die volgelinge van Jesus die Nasarener gedwing om Jesus te vloek, anders moes hulle die gevolge dra.
  - Paulus erken later self dat hy mense **gedwing** het om te laster!
  - Hy het hierdie laster afgedwing op manne en vroue.
  - (Hoe regverdig was sy vervolging dan hoegenaamd?)

Nadat Paulus tot bekering gekom het, het hy met hierdie selfde radikaliteit teen die ongelowiges uitsprake gemaak. So 'n voorbeeld is 1 Korintiërs 16:22

**As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! Maranáta!** (1 Korintiërs 16:22 AFR53)

Hierdie stuk openbaar dat Paulus 'n baie ongure mannetjie was voordat hy tot bekering gekom het.

- Hy bely self dat hy mense gedwing het om te laster!
- Daar was dus geen eerlikheid in die vervolging nie – dit was gebaseer op geforseerde leuens.
- Hy het **mansen vrouens** uitgesleep. Hy was dus doodgewoon gevoelloos en brutaal.
- Dink daaraan: Hy het met 'n *ongekende fanatisme* mense hulleself skuldig laat verklaar deur te laster sodat hy hulle dan verder vervolgt het.

Maar die woorde **mansen vrouens** gee ons ook 'n insig in die sielsgesteldheid van die gemeente!

- Die Heilige Gees het die vrouens dus ook vervul sodat hulle net so heldhaftig soos hulle mans die evangelie van die Here Jesus Christus verkondig en verdedig het.
- Die vrouens se heldhaftigheid wys daarop dat hulle selfs hulle kinders se toekoms in gevaar gestel het ter wille van die Here Jesus Christus – want as die ma en die pa dood is, is daar geen versorging vir die kinders nie.
- Die Here het al vroeër 'n soortgelyke getuienis van die Christene laat opteken:

**... bly dat hulle waardiggeag was om vir sy Naamoneerte ly.** (Handelinge 5:41 AFR53)

In die woorde van hierdie teksvers lê daar 'n dwingende waarskuwing dat die gemeente moet seker maak dat hulle (ware) geloof berus **op kennis en insig** en **nie op sentiment en persepsies** nie.

Die Here het die Jode al beskuldig van onverstandigheid en gebrek aan insig:

**En Hysê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het!** (Lukas 24:25 AFR53)

Die stuk geskiedenis laat onwillekeurig die woorde van die Here Jesus Christus in ons gedagtes opflits:

**Maar die huurlingen hy wat nie 'n herder is nie, van wie die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf komen laat die skape staan en vlug, en die wolf vang hulle en jaag die skape uitmekaar.** (Johannes 10:12 AFR53)

#### **Vers 4**

**En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig.** (Handelinge 8:4 AFR53)

'n Mens wat in die Here Jesus ingelyf is, is nooit sonder krag nie. Daarom vertoon die kerk die lig en leiding van die Heilige Gees as sy vervolgt word. Handelinge 1:8 het waar geword:

**maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría tot aan die uiterste van die aarde.** (Handelinge 1:8 AFR53)

Hierdie gebeurtenis – naamlik dat die gelowiges verstrooid geraak het en die evangelie saamgedra het – is 'n geskiedkundige bewys van die wysheid van God en ook van die waarheid van sy woorde.

Die waarheid is darem ook dat die gemeente van Jerusalem nie uit hulle eie die evangelie uitgedra het soos die Here hulle beveel het nie!

**Gaand aan, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alle tye onderhou wat Ek julle beveel het.** (Matteus 28:19 AFR53)

Daarom dwing die Here hulle tot gehoorsaamheid deur hulle met behulp van die vervolging aan die beweeg te kry.

- So word die oënskynlike vervolging van die Christene inderdaad 'n uitbou van die koninkryk van God!
- Die vlugteling word sendeling.

#### **Vraag**

**Is ons gemeente nie dalk ook op die punt waar die Here ons ook met smart aan die beweeg gaan laat kom nie?**

Skrifverklaarders wys daarop dat die Here Jesus 'n uitspraak gemaak het wat na twee kante toe sny:

**Ek het gekom om vuur op die aarde te werp, en hoe wens Ek dat dit al aangesteek was!** (Lukas 12:49 AFR53)

- Die sin kan beteken dat die Here 'n brand tussen die gelowiges en ongelowiges laat ontvlam.
- Maar dit kan ook wys op die uitstorting van die Heilige Gees.

*Die vuur waarmee hulle huise afgebrand is, het 'n ander vuur laat vlamen lig laat gee – die lig van verlossing deur die Here Jesus Christus.*

So word die satan al weer, teen sy eie wil in, 'n werktuig in die hande van die Here se raad. In sy poging om tot niet te maak, het hy 'n oorwinnende leër die wêreld ingestuur wat die roem van God gaan verkondig het.

### **Die kollig verskuif – Handeling 8:5-25**

Met hierdie woorde in vers 4 word die kerkgeskiedenis wat in Jerusalem afgespeel het, vir eers afgesluit. Die kollig verskuif na die vestiging van die kerk van die Here in ander plekke. Eerste Samaria.

#### **Vers 5**

**En Filippus het afgekomin 'n stad van Samaria en Christusaan hulle verkondig.** (Handeling 8:5 AFR53)

Die tydloosheid waarmee die Heilige Gees praat, kom ook in hierdie vers weer na vore.

- Dit is nie noodwendig die mense wat “ampte” beklee wat die koninkryk van God uitdra nie!
- Die “amplose” gelowiges word hier die saaiers en uitdraers van die koninkryk van God.

Waarom gebeur dit so?

- Omdat die apostels onverklaarbaar in Jerusalem vasgekluiser sit.
- Dit is 'n sielkundige en 'n historiese raaisel waarom dit gebeur het.

Die grootste gedeelte van die gemeente het reeds uit Jerusalem gevlug. **NB Hoofstuk 8:1:**

**... 'n groot vervolging teen die gemeente in Jerusalem ontstaan, en almal is verstrooi**

Vir wie het hulle agtergebly? Want die mense was weg!

Is die Here magteloos as sy kerk se leiers vassteek en wegkruip?

- Die antwoord is 'n baie duidelike NEE!
- In die onkeerbaarheid van die Here se raad, vlug daar 'n diaken by Jerusalem se poorte uit: Filippus.

Filippus is Samaria toe.

Wie is dié man wat homself vereenselwig met sogenaamde “laer klas” mense en daarby mense wat deur die Jode verag is?

- As gevolg van die vervolging en die verstrooiing wat daarop gevolg het, kan ons aflei dat daar nie meer enige diakonale werk was wat hy in Jerusalem kon doen nie.
- Filippus het dus uit eie beweging na ander armes toe gegaan.

#### **Vraag**

**Is daar 'n verskil tussen om uit eie beweging te gaan en om deur die Heilige Gees gedryf te word?**

Die Here maak baie van hierdie man. Ons lees die eerste keer van die goeie getuigenis aangaande hom wanneer hy verkies word om een van die sewe diakens te wees.

**En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: Stéfanus, 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánoren Timonen Pármenas en Nikoláüs, 'n Jodegenoot uit Antiochië, . . .**  
(Handeling 6:5 AFR53)

Was Filippus nog steeds diaken toe hy gevlug het? Dit weet ons nie, maar wat ons weet is dit: hy het dit sy saak gemaak om die evangelie te verkondig.

**En Filippus het afgekomin 'n stad van Samaria en Christusaan hulle verkondig.** (Handeling 8:5 AFR53)

Ons lees die uiters merkwaardige ding dat hierdie Filippus die gasheer was by wie Paulus later tuisgegaan het! Dink net:

- Eers moes hy vlug vir sy lewe as gevolg van Paulus se onbesonnenheid.
- Later gee hy gasvryheid en onderdak aan hierdie eertydse moordenaar.

**En die volgendedag het ons, die geselskap van Paulus, vertreken in Cesaréa aangekom; en ons het ons intrek geneem in die huis van Filippus, die evangelis, wat een van die sewe diakens was, en by hom gebly. En hy het vier ongetroude dogters gehad wat die profetiese gawe besit het.** (Handelinge 21:8-9 AFR53)

### **Vraag**

**Waarom sou die twee by dié geleentheid gepraat het? Van al die hartseer wat Paulus hulle aangedoen het in Jerusalem toe hulle moes vlug? Wat het hulle gepraat toe hulle versoen het?**

Uit die terloopse opmerking lei ons af dat hy sy kinders goed opgevoed het in die geloof.

- Al vier die meisies was ten tye van Paulus se besoek nog ongetroud.
- Al vier van hulle het profetiese gawes gehad.

Kyk hoe laat die Here gelowiges mekaar se plekke opvolg.

- As daar, menslik gesien, 'n gaping kom, tree daar net 'n ander geroepene in sy plek op!
- Stéfanus is dood – en dadelik is Filippus in sy plek!

Let ook op hoe die Heilige Gees die vlugteling se doen en late beskryf:

- Vers 4 leer dat hulle die Woord van God verkondig het.
- Vers 5 sê dat Filippus Christus verkondig het.
- Daar is dus 'n klimaks in die prediking wat van die vlugteling af uitgegaan het.

Wat is die verskil tussen Woordverkondiging en die verkondiging van Christus?

- Aan die een kant nie veel nie – al twee is om die openbaring van God se wil te verkondig.
- Maar aan die ander kant is die verskil tog groot, want dit beklemtoon dat die Woord van God so verkondig is dat dit openbaar het dat alles toegespits is op die Verlosser.
  - Dan weer: Baie toegespits is die Verlosser juis die Gesalfde wat vooraf deur die Here belowe is.
  - Die klem lê dus op die amptelikheid van sy sending – amptelik omdat Hy deur God verordineer en gesalf is vir hierdie taak.
  - Ons hoor die naam **Christus**. Die naam wat hulle waarskynlik gebruik het was **Messias**.
    - **Messias** is die Hebreeus vir **Gesalfde** (deur God self gesalf en getaak om Verlosser te wees)
    - **Christus** (χριστος) is die Grieks vir **Gesalfde**.

### **Vers 6**

**En die skare het eendragtigag gegeeop die woordevan Filippustoe hulle dit hooren die tekensien wat hy doen.** (Handelinge 8:6 AFR53)

Wie is die skare wat in Samaria saamgedrom het om Filippus te hoor?

Ons lees in 2 Konings 17 dat die koning van Babel heidennasies ingevoer het om Samaria te bevolk.

**En die koning van Assirië het uit Babel en uit Kutaen uit Awaen uit Hamaten Sefarvaim mense ingevoer en laat woon in die stede van Samaría, in die plekke van die kinders van Israel: hulle het Samaría in besit geneem en in sy stede gaan woon.** (2 Konings 17:24 AFR53)

- Hierdie mense het oor die jare met die Jode ondertrou. Tog het daar iets van die Joodse tradisies en geloof



- onder die nuwe “volk” behoue gebly.
- Die Samaritane het byvoorbeeld geweet van die Joodse Messiasverwagting – en hulle het dit self ook geglo. Vergelyk hiervoor Johannes 4:25:

**Die vrou sê vir Hom: Ek weet dat die Messias kom, Hy wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig.** (Johannes 4:25 AFR53)

Later het hulle in antwoord op die gesprek wat Jesus met die vrou gehad het, die volgende bely:

**... en aan die vrou gesê: Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld, is.** (Johannes 4:42 AFR53)

Die Samaritane was dus al 'n tyd lank gereed om die Here Jesus Christus te ken en te aanbid as die Messias wat moes kom.

- Dit verklaar die haastige en voorspoedige reaksie wat daar uit hulle geledere gekom het toe Filippus vir hulle gaan preek het.
- Die Heilige Gees beskryf die krag van hulle bekering:

**... eendragtigag gegeeop die woorde van Filippus toe hulle dit hooren die tekens sien wat hy doen.**

### **Vers 7**

**Want uit baie van die wat onreine geeste gehad het, het die geeste uitgegaan terwyl hulle met 'n groot stems kreeu; en baie wat lam en kreupel was, het gesond geword.** (Handelinge 8:7 AFR53)

Die buitengewone oorgawe waarmee die Samaritane tot bekering gekom het, word aangehelp met tekens/wonders wat die Here laat gebeur.

Die slagveld is teen die duiwel en sy magte! Die duiwels verloor die stryd! Hulle word uitgedryf uit mense wat van die duiwels besete was.

- Die botsing is so hewig dat die duiwels baie hard skreeu wanneer hulle uitgedryf word uit die mense uit.
- Die harde geskreeu van die duiwels gee uiting aan die ergernis/frustrasies wat hulle deurmaak omdat hulle totaal onmagtig is teen die Here.
- Uiteraard is die harde geskreeu ook om uiting te gee aan die pyn van die hel wat hulle deurmaak as hulle deur die Here verslaan word.
- Die duiwels weet nog die hele tyd dat hulle uiteindelik in die hel gaan wees en daar geweldige pyn/lyding gaan deurmaak!

**En meteens skreeu hulle en sê: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van God? Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig?** (Matteus 8:29 AFR53)

**... en skreeu met 'n groot stem en sê: Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek besweer U by God om my nie te pynig nie.** (Markus 5:7 AFR53)

**En toe hy Jesus sien, skreeu hy uit en val voor Hom neer en sê met 'n groot stem: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek bid U, moet my nie pynig nie—** (Lukas 8:28 AFR53)

Die duiwels het die Here Jesus Christus eenkeer verwyt en gesê:

**Hou op! Wat het ons met U te doen, Jesus, Nasaréner? Het U gekom om ons te verdag? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God!** (Markus 1:24 AFR53)

- Nou blyk dit dat die duiwels hulleself eintlik baie oorskat het! Die Here self kan hulle natuurlik verslaan.
- Die duiwels is egter so onmagtig dat selfs die mense wat optree in die Naam van die Here Jesus Christus hierdie duiwels ook kan uitdryf!

## Vers 8

**En daar was groot blydschap in daardie stad.** (Handelinge 8:8 AFR53)

Die gesindheid van die mense wat daar gewoon het, het meteens verander!

- Soos wat hulle tot bekering gekom het en onder die indruk van hulle verlossing deur die Here Jesus Christus gekom het, het hulle lewensmoegheid en verslaentheid plek gemaak vir 'n nuwe groot blydschap.
- Samaria het tot bekering gekom en 'n plek geword waar die mense in die Here gejuig het.

Tot nou toe was die mense van Samaria nie net arm nie.

- Hulle was geminag omdat hulle nie 'n suiwer Joodse bloedlyn gehad het nie.
- Hulle was verag oor al die heidense bloed wat in hulle are gevloei het – hulle was maar net Samaritane.

Nou beskryf die Heilige Gees hoe hierdie mense uit die dieptes van hulle ellendes deur die Here opgetrek is tot in die hoogtes van sy heerlike teenwoordigheid – hulle is deur die Here (Messias) verlos.

**NB** Let op die kontras:

- In Jerusalem (die Godstad) heers haat en vervolging.
- In Samaria, die stad van die veragtes, heers die blydschap van die hemel – hulle juig in hulle verlossing deur die Here Jesus Christus.

## Vraag

*Is die woorde van die profeet Jesaja ook oor die Samaritane waar?*

**Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlijkheid van die Here gaan oor jou op.** (Jesaja 60:1 AFR53)

## Vers 9

**En 'n sekere man met die naam van Simon het vantevorein die stad met towery omgegaan en die bevolking van Samaria verbyster deur te sê dat hy iets besonder was.** (Handelinge 8:9 AFR53)

Verstaan dit mooi: Die duiwel gee nooit moed op nie.

- Hy kan ook nie, want die ewige verlorenheid/dood is vir hom vas.
- Daarom sal hy met alles in hom en tot sy beskikking veg tot op die oomblik wanneer die Here Jesus hom vir ewig in die hel gaan verseël.

Daarom slaan die kolle van die satan se sluwe werk ook in Samaria uit. Vir die Satan is **wonders doen** en **mag** dieselfde ding.

- Daarom buit hy onmiddellik die wonders, wat die Here deur Filippus laat doen, uit om te probeer skade aanrig.
- Dis ook nie nuut nie – die satan het nog altyd hierdie kaart van wonderwerke doen probeer speel. (*Hy dink dat hy soos God sal lyk as hy wonders doen!*)

Die Here weet al die eeue hoe die duiwel se kop werk. Daarom het die Here voor die intog in Kanaän al vir die Israeliete gesê dat hulle niks met towery en daardie soort dinge te doene mag hê nie.

**Daar magniemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaen— wat met waarsêery, goëlerij of met verklaring van voortekens of towery omgaannie,** (Deuteronomium 18:10 AFR53)

**Wan hierdienasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaarsen waarsêers; maar wat jou aangaan, die Here jou God het jou nie so iets toegelaat nie.** (Deuteronomium 18:14 AFR53)

- Die dinge rondom towery en sy familieledede het onder die heidendom 'n groot impak op mense gehad.
- Onthou nou dat die Samaritane nou juis hierdie groot stuk “volkslyf” uit die heidendom bygekry het om hulle as groep te vorm.
- Ongelowiges/heidene is baie vatbaar vir wonders en tekens. Die Here Jesus het juis voorspel dat die antichris met wonders en tekens op die mensdom gaan toeslaan om hulle te verlei.

**Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorene te mislei.** (Matteus 24:24 AFR53)

Die aanslag van die duivel onder die heidenvolke is baie sterk, want ons lees dat die duiwels sommige van daardie mense beset het.

- Die mense wat deur die duiwels beset was, het niks plesier van die duiwels wat in hulle is nie – daardie mense het baie liggaamlike en geestelike lyding deurgemaak.

Daarom is dit glad nie verbasend dat Simon die towenaar die bevolking van Samaria in ekstase gehad het met al die wonderwerke wat hy laat gebeur het nie.

- Hy het die mense nog meer beïndruk omdat hyself gesê het dat hy iemand groots/besonders was.
- Hy het hom dus aan hierdie halfheidense mense aangebied as iemand wat 'n soort van godheid in hom het.

### **Vers 10, 11**

**En almal, klein en groot, het hom aangehangen gesê: Hy is die groot krag van God. En hulle het hom aangehang, omdat hy hulle 'n geruime tyd deur sy towerye verbyster het.** (Handelinge 8:10-11 AFR53)

Inderdaad het Simon opgetree volgens die styl van die antichris.

- Hy het hom voorgestel as 'n mens met die Godheid in hom – dus die vleesgeworde Woord.
- Die volk wat 'n Messiasverwachting gehad het, het dus voor Simon gebuig as 'n valse messias!

Filippus het dus nie teenoor rou heidene te staan gekom nie. Samaria was dus reeds aanhangers van 'n man wat hom op 'n manier as 'n “messias” aangebied het, naamlik Simon.

- Die Here openbaar dat – deur die onkeerbare krag van die Heilige Gees – die gelowiges losgebreek geraak het van hierdie man af.
- Met dieselfde eendragtigheid en entoesiasme waarmee hulle Simon geglo het, glo hulle nou wat Filippus hulle van die Here Jesus leer.

Die ooreenkoms tussen die twee predikers is:

- Al twee het tekens gedoen.

Die verskil is:

- Die een het *homself* deur sy tekens verheerlik en vergoddelik.
- Die ander een het *die Here Jesus Christus* deur die tekens verheerlik – terwyl hyself op die agtergrond verdwyn het.
- So is Simon verslaan.
  - Nie deur Filippus nie.
  - Deur Hom wat Filippus gestuur het – die Here Jesus – deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

### **Vers 12**

**Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, mannesowel as vroue.** (Handelinge 8:12 AFR53)

Dit is baie tekenend dat die evangelie beskryf word as: **die evangelie aangaande die koninkryk van God in die Naam van Jesus Christus.**

Die verwagting van die Messias was vasgemaak aan die koms van die koninkryk van God. Die waarheid van die saak kom baie duidelik uit in die manier waarop die Nuwe-Testamentiese tydvak ingelui word.

- Johannes die Doper het presies dit gepreek!

**In daardie dae het Johannes die Doper opgetree in die woestyn van Judéa gepreken gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.** (Matteus 3:1-2 AFR53)

- Daarna het die Here Jesus self ook presies dit gepreek!

**Van toe af het Jesus begin om te preeken te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.** (Matteus 4:17 AFR53)

**En Jesus het deur die hele Galiléa rondgegaan in hulle sinagoge geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees.** (Matteus 4:23 AFR53)

Die **koninkryk van die hemele** is presies dieselfde as **die koninkryk van God**

- Die fout wat ingesluit het, was dat die volk se verwagting van die Messias was dat dit 'n Vredevors sou wees.
- Volgens hulle verwagting sou die Messias 'n sterk God wees wat alle chaos wat in die aardse bestaan voorkom terug in 'n paradystoestand sou herskep.

Filippus het duidelik gepreek dat die koninkryk van God kom in die Naam van die Here Jesus Christus.

### **Vrae**

- Het Filippus ook soos Petrus met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag die tweesnydendheid van God se swaard gepreek?
- Was daar ook 'n verslaentheid oor die sonde – wat opgevolg is deur bekering?

**Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.** (Handelinge 2:37-38 AFR53)

Die doop wat bedien is aan die mense van Samaria wat tot bekering gekom het, was die uitvoering van die Here Jesus se laaste opdrag aan die dissipels toe Hy opgevaar het hemel toe. Dit is dus die oorwinning en vestiging van die evangelie van die Here Jesus Christus.

**Ga dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.** (Matteus 28:19 AFR53)

Die toekenning van die Nuwe Verbond word duidelik onderstreep: manne sowel as vroue word gedoop.

- In die Ou Verbond is net die manne (en seuntjies) besny.
- Die toepassing van die Nuwe Verbond/Genadeverbond in die Here Jesus betrek dus manne en vroue.

### **Vers 13**

**En Simon het ook self gelowig geword, en nadat hy gedoop was, gedurig by Filippus gebly; en hy was verbaas toe hy die tekens en groot kragtesien gebeur.** (Handelinge 8:13 AFR53)

Wat het van Simon geword? Hoe reageer hy op al die dinge?

- Die towenaar het tot bekering gekom en self ook 'n Christen geword.
- Hy word ook gedoop.
- Hy volg Filippus – hy is altyddeur by hom.

Hoe opreg is Simon se bekering? Dit is 'n baie belangrike vraag, want dit mag 'n aanduiding wees van hoe opreg ons eie bekering is!

Simon het werklik tot bekering gekom – maar nie tot ware bekering nie.

- Hy het Filippus gevolg – nie om Filippus om die bos te lei nie – hy het homself om die bos gelei.
- Sy geloof was oppervlakkig,
  - want hy was beïndruk met die tekens wat Filippus gedoen het.
  - Geloof het dus vir hom bestaan in die wonderwerke alleen – en daarmee het hy die God wat die wonders bewerk, misgeloop.
  - Sy verstand was in vervoering oor die tekens, maar sy hart was nie gewen vir die waarheid van die verlossing nie.

Hier het ons die soort van geloof waarteen die Here Jesus waarsku!

**En by wie op rotsagtige plekke gesaai is—dit is hy wat die woord hooren dit dadelik met blydskap aanneem; maar hy het geen wortel in homself nie, hy is net vir 'n tyd, en as daar verdrukkingen vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik.** (Matteus 13:20-21 AFR53)

#### Vers 14

**En toe die apostels in Jerusalem hoordat Samariadie woord van God aangeneemhet, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur.** (Handelinge 8:14 AFR53)

Die apostels was seker baie verbaas toe hulle gehoor het dat Filippus die hele Samaria omgekeer het uit hulle half-Joodse geloof in 'n volle geloof in die Here Jesus Christus. Waarom sou hulle verbaas wees?

- Omdat die Here Jesus hulle eenkeer vroeër verbied het om die evangelie aan die Samaritane te gaan verkondig!
- Nou het dit duidelik geword dat die tyd ryp geword het dat die evangelie wel aan hulle verkondig moet word!

**Jesushet hierdientwaalf uitgestuuren hulle bevel gegee gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritanen;** (Matteus 10:5 AFR53)

- Die Here het die verbod wat Hy gegee het opgehef toe Hy net voor die hemelvaart gesê het dat hulle nou na al die volke en tale en nasies toe moet gaan met die evangelie. Daarom is dit heeltemal reg dat Filippus na die Samaritane toe is.

Die twaalf het dadelik besluit om 'n deputaatskap na Samaria toe te stuur.

- Die twee wat gestuur word, is Petrus en Johannes.
- Waarom dié twee? Paulus skryf later dat Jakobus (die Here se broer) en Petrus en Johannes eintlik die steunpilare van die Christelike gemeenskap was.
  - Almal het dus vir hulle raad en leiding gaan vra.

**en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfás en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee, sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan;** (Galasiërs 2:9 AFR53)

#### Vers 15, 16

**Hulle het afgekomen vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoopt in die Naam van die Here Jesus.** (Handelinge 8: 15, 16 AFR53)

Daar is 'n verskil tussen gewoon bly wees, en bly wees omdat jy vervul is met die Heilige Gees. Die apostels het dit dadelik raakgesien toe hulle daar opdaag.

Filippus het natuurlik die bekeerlinge gedoop met die doop van Matteus 28:19.

- Dit beteken dat die Heilige Gees verseker ook in die doop werksaam was.
- Die apostels het egter besef dat Samaria se mense ook deel was van die uitverkorenes wat deel moes uitmaak van die onkeerbare (wonderlike) werking van die Heilige Gees – soos wat die gemeente in Jerusalem dit van Pinkster af ervaar het.
- Daarom het hulle gebid dat die gemeente in Samaria die Heilige Gees op dieselfde wyse mag ontvang as wat die gemeente van Jerusalem dit ontvang het met Pinkster.

**NB:**

- Die apostels het nie gedink dat Filippus halwe of onvoldoende werk gedoen het, en dat hulle dit beter moes oordoen nie!
- Dit wat hulle gedoen het, was bloot aanvullend/komplementêrend tot die werk wat Filippus gedoen het.
- Predikante het verskillende gewes – dus ontwikkel elkeen van hulle verskillende aspekte van die kerke wat hulle bedien!

**Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei.** (1 Korintiërs 3:6 AFR53)

**Vers 17**

**Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.** (Handelinge 8:17 AFR53)

Dit gaan in hierdie teks nie oor die vorm van die doop nie. Dit gaan oor die einddoel van die doop: Dit gaan daaroor dat die doop dien om aan die dopeling te beteken dat hy/sy in die Here Jesus Christus en in die gemeente (die heilige algemene Christelike Kerk) ingelyf word.

Iemand wat tot die geloof kom, gaan verskillende “fases/groeiprosesse” deur.

- Met Filippus se doop is al die genadegawes van die doop reeds aan die gedooptes verseël, naamlik die gawe van wedergeboorte en aanneming van kinders van God.
- Maar in Jerusalem het daar groter dinge gebeur toe die gemeente tot stand gekom het.
  - Die Heilige Gees is uitgestort as 'n laaiende vuur.
  - Daarmee het iets groots en onsigbaars – maar tog kragtig werkend – uit die hemel in die kerk neergedaal.

**En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldiger rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tong gesien soos van vuur, wat hulle self verdeelen op elkeen van hulle gaan sit.** (Handelinge 2:2-3 AFR53)

**En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek.** (Handelinge 4:31 AFR53)

Die apostels se oordeel was dat Samaria ook geregtig was op die Pinkstergees.

**NB:**

- Dit is nie 'n “nuwe” uitstorting van die Heilige Gees nie.
- Mens kan dit verduidelik met die rimpels wat water maak as jy 'n klip in die water laat val. Verskeie golfies hardloop in sirkels van die plek af waar die klip in die water geplons het – maar dit was net een klip wat in die water geval het.
- Die verskillende “uitstortings” van die Heilige Gees, is dus niks anders nie as die bevestiging van die Here dat elke “nuwe groep” op wie die Gees uitgestort word, deel is van die kerk van die Here.
  - Die eerste keer was dit die Jode wat tot bekering kom:

**Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dit uitgestort, wat julle nou sien en hoor.** (Handelinge 2:33 AFR53)

- Daarna die Samaritane – die verwerptes:

**Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.** (Handelinge 8:17 AFR53)

- Daarna weer toe die heidene (Romeine) bygekom het:

**En toe Petrus nog besig was om hierdie woord te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het. En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is.** (Handelinge 10:44-45 AFR53)

- Die volgende keer was toe die dissipels van Johannes die Doper bygekom het. Die voorloper van die Here Jesus se dissipels hoort dus ook by die verlostes:

**En terwyl Apollos in Korinthe was, het Paulus die boonstelandstreke deur gereis en in Éfese gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie. En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes. Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoopte aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus. En toe hulle dit hoor, is hulle gedoopte in die Naam van die Here Jesus. En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreken geprofeteer.** (Handelinge 19:1-6 AFR53)

So gebeur dit dat die Samaritane as verlore volk se naam ook in die Here se boeke opgeteken word:

**Die Here sal tel as Hy die volke ops krywe: Hierdie een is daar gebore. Sela.** (Psalms 87:6 AFR53)

### **Vers 18**

**En toe Simonsien dat deur die handoplegging van die apostels die Heilige Gees gegee word, het hy hulle geld aangebied en gesê: Gee aan my ook hierdie mag, sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang.** (Handelinge 8:18-19 AFR53)

Ons mag glo dat dieselfde tekens wat al die ander kere gebeur het toe die Heilige Gees uitgestort is, ook die dag met die Samaritane gebeur het.

Die tekens bring die ware karakter van Simon uit.

- Die begeerte om God se kragtige wonderwerking vir homself te mag hê, oor meester hom.
- Die Heilige Gees beklemtoon die rede en die oomblik toe die begeerte Simon oorweldig: **toe Simonsien. . .**

So kom die opsetlike booswigtheid van Simon uit.

- Hy is nog steeds die bedrieër.
- Hy is nog steeds 'n huigelaar wat dinge wil doen om vir homself roem en eer in te samel.
- As hy waarlik gelowig was, kon hy mos dink dat die apostels nie die Persoonlike werking van God kan smous nie – God is nie (om)koopbaar nie!

*Nou word dit duidelik waarom hy die hele tyd by Filippus was: Hy het gehooft dat hy iets “afkyk” by Filippus se “towerkunste” – soos hy dit verstaan het.*

Dit gaan nie daaroor dat Simon die Towenaar 'n vlak geloof gehad het nie.

- Hierdie sonde gebeur met iemand wie se diepste binneste vir die Here 'n vreemde plek is.
- Sulke mense is nie ongodsdienstig nie.
- Hulle godsdiens staan in diens van hulleself! Dit is baie tipies van heidense afgodsdienste.

## **Retrospeksie**

- Die doop was vir Simon die seremoniële toetrede tot die gemeente.
- Die wonders en die gawe van die uitstorting van die Heilige Gees was vir hom 'n noodsaaklike middel om homself te verheerlik soos hy vantevore gesien is – die groot krag van God (Handelinge 8:10).

Van daardie tyd af staan die verskynsel dat lidmate op die styl van heidense hoogmoed en sinnelike lewe, bekend as **simonie** (*omkoperij in die kerk*).

### **Vers 20**

**Maar Petrusê vir hom: Mag jou geld saammet jou vergaan, omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry.** (Handelinge 8:20 AFR53)

Toe kom die konflik tussen Simon (Petrus) en Simon (die Towenaar).

Dis 'n soort van konflik waarmee die duiwel dikwels vorendag kom.

- So moes die Jode die dag van die kruisiging kies tussen Jesus (Christus) en Jesus (Barabbas). Ja, Barabbas se regte naam was Jesus Barabbas!
- Daardie dag van die kruisiging was die volk se insig verdonker deur die haat van die duiwel.
- Nou word Petrus se insig verhelder deur die heldersienheid van God die Heilige Gees – en Simon die Towenaar word ontmasker!

### **Vers 21**

**Jy het geendeel of lot in hierdiesak nie, want jou hart is nie reg voor God nie.** (Handelinge 8:21 AFR53)

Ons sou ook kon sê dat dit 'n konflik is tussen geld en gees. Die verskil tussen die twee is in hierdie geval presies so groot soos die verskil tussen Satan en God die Here. Die geld wat vir Petrus aangebied word, dra die swaeldampe van die hel saam met hom.

Daarom spreek Petrus 'n soort van 'n vloek uit.

- **Mag jou geld saammet jou vergaan, omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry.**

In plat Afrikaans beteken dit:

- Jy gaan hel toe, want jy het nie deel aan die werking van die Heilige Gees nie!
- Simon se hart is nie reg voor God nie – met ander woorde sy hart is reg voor die duiwel.
  - Die Heilige Gees werk die genadegawes van God.
  - Simon se geld werk sataniese eiegeregtigheid.

Let duidelik op dat dit wat ons ken as die ban, oor Simon voltrek word met die woorde:

- **Jy het geendeel of lot in hierdiesak nie.**
- Daarmee word hy uit die kerk van Samaria uitgebán – **tensy daar by hom hartgrondige bekering kom!**

## **Waarskuwing**

- Deur sy aanvanklike bekering en belydenis word Simon 'n Christen.
- Hy word formeel lidmaat van die gemeente toe hy gedoop is.
- Maar hy kry nooit die geestelike goedere van die kerk onder die knie nie: Hy kom nie in lewende gemeenskap met die God van die Kerk nie.

Aan 'n ware lidmaat van die kerk word alle genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van die Here Jesus Christus toegereken asof hy nooit sonde gedoen het nie. Maar aan die valse lidmaat van die kerk word al die sondes



toegereken asof hy nooit die evangelie gehoor het en gedoop is nie.

Luister na ons belydenis in die Heidelbergse Kategismus:

### **Vraag60: Hoe is jy regverdig voor God?**

**Antwoord:** Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooe van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (c), God nogtans (d) aan my sonder enige verdienste van my kant (e), uit louter genade (f) die volkome genoegdoening (g), geregtigheid en heiligheid van Christus skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (j) aanneem.

(a) Rom3:21, 22, 24; 5:1, 2; Gal2:16; Ef2:8, 9; Fil3:9. (b) Rom3:9. (c) Rom7:23. (d) Rom4:4; 2 Kor5:19. (e) Tit3:5; Deut9:6; Eseg36:22. (f) Rom3:24; Ef2:8. (g) 1 Joh2:2. (h) 1 Joh2:1. (i) 2 Kor5:21.

(j) Rom3:22; Joh3:18.

### **Vers 22**

**Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou, en bid God of die gedagte van jou hart jou miskien vergewemag word.**  
(Handelinge 8:22 AFR53)

Hieruit is dit duidelik dat die apostels Simon nie in dieselfde kategorie as Ananias sien nie.

- Ananias is summier dood en verlore.
- Simon word aangesê om tot bekering te kom en om sy saak met God reg te maak.

Die geloofsiekte waaraan Simon ly word gediagnoseer:

- Jou hart is nie reg voor God nie.
- **Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou**
- God is vir Simon nie die doel van sy aanbidding nie. God is vir hom die middel om homself te verheerlik.

Hierdie gedeelte is baie onderrigtend! Moenie met 'n sondaar saggies praat oor sy sonde nie.

- Die vloek wat Petrus oor Simon uitspreek, is nie die bediening van die hel nie.
- Dis die bediening van die sleutel van die hemelryk.
- Daar is vir hom genesing moontlik as hy net wil omdraai uit sy sonde uit en tot bekering kom.

Wat is die beginsel wat hier ter sprake is?

*Indiendit enigsins moontlik is, moet ons iemand wat in watter sonde ook al verval, uit die hel probeer terugruk.*

Net met dit wat absoluut by God waar is, kan die Heilige Gees die satan se werk in 'n sondaar se hart stukkend slaan.

### **Vers 23**

**Wantek sien dat jy in 'n gal van bitterheiden bande van ongeregtigheid is.** (Handelinge 8:23 AFR53)

Die Heilige Gees het dat Petrus sien hoe Simon se siel ontaard het. Gal is die simbool van arglistigheid en vyandigheid. (In daardie jare het die mense geglo dat 'n slang se gif uit sy gal uit gekweek word!)

Natuurlik kon Petrus sien dat Simon die bitterheid in hom dra van iemand wat onttroon is.

- Hy was die persoon wat die aansien in Samaria geniet het.
- Nou moes sy aansien plek maak vir die aansien van die Here Jesus.

Presies dit wat by die duiwel voorgekom het tydens die sondeval, is nou ook hier op die mat: *Bitterheiden verynwat gebore word uit ongeregtigheid.* Die Heilige Gees toon dit ook so aan.

## Vers 24

**Maar Simon het geantwoorden gesê: Bid julle tot die Here vir my, sodat niks van wat julle gesê het, oor my mag komnie.**  
(Handelinge 8:24 AFR53)

Wanneer die Heilige Gees jou lei dat jy jou aan jouself ontdek, gebeur wat hier gebeur: Die man wat eers genoem is die groot krag van God staan daar voor die gemeente klein en nietig en ontmasker.

Kom Simon tot bekering?

- Calvin meen dat hy waarskynlik tot bekering gekom het, daarom vra hy die apostels om vir hom te bid.
- Ander Skrifverklaarders meen dat hy nie tot bekering gekom het nie – juis omdat hy self nie gaan bid nie. Die mense wat die wonderwerke doen (die apostels) moet vir hom gaan bid.

*Die laaste standpunt berus op die feit dat Simon nie vra dat hulle moet bid vir vergifnis van sy sondes nie.*

- *Hy vra dat hulle moet bid dat die oordeel hom nie tref nie.*
- *Dit het iets in van die duiwels wat versoek dat die Here Jesus hulle nie voor hulle tyd moet pynig nie.*

Wat moet ons sê? Net dit: Simon se einde bly 'n raaisel. Ons kan nie namens die Here die oordeel behartig nie. Ons moet net nie in dieselfde sonde as hy verval nie.

Die apostels het in elk geval nie daarop geantwoord nie.

## Vers 25

**Nadat hulle dan kragtig getuig die woord van die Here gespreek het, het hulle na Jerusalem teruggegaan en die evangelie aan baie dorpe van die Samaritane verkondig.** (Handelinge 8:25 AFR53)

Die sending het hulle werk in Samaria gedoen.

- Hulle het die Woord van die Here kragtig verkondig.
- Hulle het na verskillende dorpe van die Samaritane toe gegaan en die Woord van die Here daar gaan verkondig.
- Die Heilige Gees het die Samaritane ook ingelyf in die kerk van die Here wat in Jerusalem begin het.

## Vers 26-40

**'n Etiopiër kom tot bekering!**

### Inleiding

Die Here se opdrag dat die evangelie verkondig moet word aan alle volke en tale het dus sy eerste vervulling gehad in die bekering van die mense van Samaria. Daar begin die Christelike kerke om geplant te raak – 'n lyn wat gevul is tot by ons eie kerk, en wat ons ook verder moet dra.

Wat het die apostels gekeer dat hulle nog steeds nie wyer aan die werk gespring het om hulle opdrag uit te voer nie?

- Ons weet nie, maar 'n goeie raaiskoot kan wees dat hulle volksgevoel en hulle veragting van die ander volke hulle gekeer het.
- Hulle het nog nie ver genoeg in hulle geloof en insigte ontwikkel dat hulle die skeiding tussen Israel en die heidene uit hulle koppe kon kry nie.
- Kyk hiervoor byvoorbeeld na die uitspraak van die apostel Paulus:

**... dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdeling teen aansiens van die verbode van die belofte, sonder hoopen sonder God in die wêreld.** (Efesiërs 2:12 AFR53)

Daarby is dit treffend hoe die Here werk! Sy kerk word nie deur belangrike mense met die hoogste aansien, naamlik die apostels, uitgedra nie. Die Here gebruik die “gewone” lidmate! In hierdie geval: Filippus

## **Vers 26**

**En ’n engel van die Here het met Filippus gespreek gesê: Staan op en gaan na die suide op die pad wat afloop van Jerusalem na Gasa. Dit is ’n eensaame pad.** (Handelinge 8:26 AFR53)

Filippus is dus inderdaad die eerste sendeling! Eers preek hy vir die Samaritane en nou stuur die Here hom op ’n eensaame pad wat na Gasa toe loop.

Let op hoe duidelik omlyn die Here vir Filippus sy opdrag: Hy hoef nou nie in die wye wêreld in te vaar en te gaan soek waar hy iewers ’n heiden mag raakloop nie: Gaan na daardie eensaame pad toe.

- Die Here gee vir hom as ’t ware ’n padkaart om aan te dui waarheen hy moet loop om aan iemand die genade van die Here Jesus te bedien.
- Waarskynlik moes Filippus ’n ver ent self loop, want die Here het meestal ’n element van toetsing en opoffering ingebou vir die een wat sy roeping teenoor die Here moet nakom.
- Die Here gee nie enige toeligting oor wie dit is wat Filippus daar sal raakloop nie (plek, kleredag waaraan hy uitgeken kan word, ens.).

Die Here laat soms massas bekeer. Ander kere bekeer Hy net een mens – soos hier.

Wat belangrik is, is dat die Here hierdie opdrag deur ’n engel aan Filippus openbaar.

Dit is nie so vreemd nie. In ons tyd gebeur dit nog steeds:

**Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar ’n engel van die Here in ’n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwekis, is uit die Heilige Gees;** (Matteus 1:20 AFR53)

**En ná die dood van Herodes het daar ’n engel van die Here in ’n droom aan Josef in Egipte verskyn** (Matteus 2:19 AFR53)

**Maar die engel antwoord sê vir die vrou: Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisigis.** (Matteus 28:5 AFR53)

**Toe verskyn daar aan hom ’n engel van die Here, wat aan die regterkant van die reukofferaltaar staan.** (Lukas 1:11 AFR53)

**En ’n engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk.** (Lukas 22:43 AFR53)

**Hy het duidelik in ’n gesig om trent die negende uur van die dag ’n engel van God na hom sien inkomen vir hom sê: Cornelius!** (Handelinge 10:3 AFR53)

**En die engel sê vir hom: Omgord jou en trek jou skoene aan! En hy het dit gedoen. Verders sê hy vir hom: Gooi jou bo-kleed omen volg my!** (Handelinge 12:8 AFR53)

**Want daar het in hierdie nag by my gestaan ’n engel van die Godaan wie ek behoort, watek ook dien.** (Handelinge 27:23 AFR53)

## **Vers 27**

**Toe het hy opgestaan en gegaan. En daar was ’n man van Ethiopië, ’n hofdienaar, ’n staatsamptenaar van Kandacé, die koningin van die Ethiopiërs, wat oor al haar skatte was en na Jerusalem gekom het om te aanbid.** (Handelinge 8:27 AFR53)

Die gestuurde van die Here gehoorsaam dadelik. Hy staan op en hy gaan.

Toe Filippus by die man kom, beskryf hy die man presies en volledig:

- 'n man van Ethiopië,
- 'n hofdienaar,
- 'n staatsamptenaar van Kandacé, die koningin van die Ethiopiërs,
- ('n man) wat oor al haar skatte was, en
- na Jerusalem gekom het om te aanbid.

*NB: Net sommervir interessantheid:*

- Volgens die Griekse teks was die koningin se naam **Kandakê!**
- Haarlandse naam is **Ethiopië**
- Daar is Skrifverklaarders wat beweer dat **Kandakê** die posbeskrywing van die regentes van daardie land was. Dus 'n parallel met iets soos farao, sultan, koning, ens.

Die feit dat die Bybel al die gegewens so volledig gee, is omdat die Heilige Gees iets belangriks uit die openbaringsgeskiedenis beklemtoon.

Die **eerste kwalifikasie** wat die Bybel van die man gee, is: **'n man van Ethiopië**

Hierdie man is dus uit die geslag van Gam.

- Sy geslagslyn loop dus deur Kus en Nimrod!
- Dit was geweldige manne.
- (Onthou tog dat Gam nie vervloek is nie, maar wel sy jongste seun Kanaän!)

**En die seuns van Gam was: Kus en Misraïem en Put en Kanaän.** (Genesis 10:6 AFR53)

**Kus was ook die vader van Nimrod. Hy het begin om 'n gewelddadige aardete wees.** (Genesis 10:8 AFR53)

Volgens die destydse begrip van die Israeliete was Ethiopië suid van Egipte – by die uiteindes van die aarde.

Die **tweede kwalifikasie** wat die Bybel gee, is: **'n hofdienaar**

Die Griekse woord is beter in Afrikaans bekend: 'n **eunug**.

- 'n Eunug is 'n man wat op 'n baie jong ouderdom volledig gekastreer is.
- Soms is dit gedoen omdat hulle mooi gesing het as seuns – sodat hulle stemme nie moet breek nie – en hulle dan langer in die koning se paleis kon aanhou sing.
- Ander kere is dit gedoen omdat sulke jong seuns geïdentifiseer is as hoogs begaafd. Dan is hulle gekastreer met die oog daarop dat hulle later in die paleis kan werk sonder dat hulle vir die koningin (of enige hofdame) 'n bedreiging kan wees.

Hierdie Ethiopiër val blykbaar in die laaste groep, want hy was oor die koningin Kandakê se skatte aangestel – en was dus daagliks met die koningin in aanraking. Daar kon dus geen liefdesverhouding tussen hulle ontstaan nie.

Probleem:

**Hy wat deur verbryseling vermink of van wie die manlike deel afgesny is, mag in die vergadering van die Here nie kom nie.** (Deuteronomium 23:1 AFR53)

Die man kom van Jerusalem af en is nou op pad terug huis toe.

- Hy het waarskynlik vir die Paasfees Jerusalem toe gegaan.
- Hy mag egter nie aan die paasfees deelgeneem het of in die tempel ingegaan het nie, want die reëling volgens Deuteronomium 23 het hom verbied om in die vergadering (erediens!) te wees waar die volk van die Here Hom aanbid.

Nou gryp die Here in.

- Sulke mense wat as gevolg van menslike verminking van Hom af weggehou word, soek Hy op.
- Onder hulle is ook uitverkorenes – selfs verminktes uit die heidendom.
- Hulle word ook ingesluit in sy koninkryk.
- Iets van Maria se lied die dag by Elisabet gaan in vervulling:

**Maghebbershet Hy van trone afgeruiken nederiges verhoog.** (Lukas 1:52 AFR53)

Die **derde kwalifikasie** wat die Bybel van die man gee, is: **'n staatsamptenaar van Kandacé, die koningin van die Ethiopiërs – 'n man wat oor al haar skatte was.**

Hierdie man is 'n baie hoë regeringsamptenaar.

- In ons terme: Hy was die minister van finansies.
- Ons kan dus aanvaar dat hierdie man nie alleen gereis het nie. Hy sou 'n aantal soldate/lyfwagte gehad het wat saam met hom gereis het.

**Die laaste ding** wat die Bybel van hom sê, is: **... en na Jerusalem gekom het om te aanbid.**

Wat was die man se verhouding met die Here? Niemand weet werklik nie.

- Het hy die Joodse geloof reeds geken en aangehang? Waarskynlik.
  - Was hy 'n proseliet? Nie waarskynlik nie, want hy was 'n eunug uit die heidendom.
- Beteken die woord *aanbid* hier dat die man in die Here geglo het en Hom aanbid het?
  - Wat maak ons dan met Johannes 12:20?

**En daar was sommige Grieke onder die wat op gekom het om op die fees te aanbid;** (Johannes 12:20 AFR53)

*Waarskynlik het die mantog die Here aanbid in Hom geglo – vir sover hy die Here dan in sy afgesonderdheid uit die Ou Testament kon leer ken.*

**Vers 28**

**En hy was op die terugreis en het op sy wagensit en die profeet Jesaja gelees.** (Handelinge 8:28 AFR53)

Daar is Skrifverklaarders wat meen dat die eunug die Jesaja-rol in Jerusalem in die hande gekry het toe hy sopas daar op besoek was. Daarom het hy dit nou gesit en bestudeer.

- Al opmerking daarop is dat so 'n aanname suiwer spekulasie is.
- Die Bybel sê dit nie.
- Die Here openbaar net dat hy besig was om uit die Jesaja-boek te lees.

Ons weet dat hy nie die Hebreeuse teks sou lees nie, maar wel die Griekse teks daarvan. Die rede?

- Omdat dit die betrokke teks was wat deur almal gebruik is buite Palestina – veral die wat uit Afrika gekom het.
- Die Septuaginta is inderdaad deur Afrikane uit Hebreeus en Aramees in Grieks vertaal.

Ons hoor later in vers 32 en 33 wat die man gelees het. Die vraag is: Het hy dalk ook eerder Jesaja 40 en Jesaja 55 gelees?

**Troos, troos my volk, sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die Here dubbel ontvang het vir al haar sondes.** (Jesaja 40:1-2 AFR53)

**Kyk, nasies wat jy nie geken het nie, sal jy roep; en nasies wat jou nie geken het nie, sal na jou hardloop, ter wille van die Here jou Goden van die Heilige van Israel, omdat Hy jou verheerlik het.** (Jesaja 55:5 AFR53)

Het hy dalk gewonder of die Here hier van hom ook praat? Wie sal weet?

### **Vers 29**

**Toesê die Gees vir Filippus: Gaan daarheen en bly by daardie wa.** (Handelinge 8:29 AFR53)

Hier kry Filippus 'n nuwe opdrag.

- Hierdie keer is dit nie weer 'n engel wat aan hom verskyn nie.
- Die Gees van die Here gee die opdrag.

Die Heilige Gees stuur Filippus na die man toe wat op daardie stadium juis besig was om deur die Heilige Gees gelei te word in sy eie openbaring: Die Bybel – die boek Jesaja.

### **Vers 30**

**En Filippus het daarheen gehardloop en hom die profeet Jesaja hoor lees; en hy sê: Verstaan u wel wat u lees?** (Handelinge 8:30 AFR53)

Menslik gesien kan mens nie sommer met 'n hoë amptenaar van enige regering kontak nie. Die lyfwag sou dit nie toelaat nie.

Die Here laat dit anders gebeur: Die man sit hardop en lees.

- Waarom lees hy hardop?
- Lees hy dalk sodat sy lyfwag ook kan hoor wat in die boek staan?

Die feit is dat die Here sy hardopleesery gebruik as 'n aanknopingspunt tussen hom en Filippus.

Daar is 'n Skrifverklaarder wat beweer dat hierdie 'n ontdekkende vraag is wat deur die Heilige Gees gestel word,

- want dit sal Filippus laat weet of hy by die regte man is,
- maar dit sal ook die Etiopiër laat antwoord of hy waarlik die waarheid in die Here soek.

### **Vers 31**

**En hy antwoord: Hoe kan ek tog as niemand my die weg wys nie? Toe vra hy Filippus om op te klim en by hom te kom sit.** (Handelinge 8:31 AFR53)

Filippus hoef nie lank te wag nie.

- Die man antwoord dadelik dat hy nie verstaan wat hy lees nie.
- Hy nooi Filippus uit om op die wa te klim, sodat Filippus hom kan onderrig.

Die woord wat hier gebruik word om Filippus te vra om op die wa te klim, is die woord wat gebruik word om die werk van die Heilige Gees aan te dui. Dit is dieselfde woord as **parakleet** – net in 'n werkwoordvorm.

### **Vers 32, 33**

**En die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om te lees, was dít: Soos 'n skaapis Hy gelei om geslagte word, en soos 'n lam wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy sy mond nie oop nie. In sy vernedering is sy oordeel weggenem, en wie sal sy geslag beskrywe? Want sy leweword van die aarde weggenem.** (Handelinge 8:32-33 AFR53)

Die eunug was besig om Jesaja 53:7 en 8 te lees. Dit is 'n gedeelte wat baie moeilik is om uit die Hebreeus te vertaal! Hy sit toe juis met die Griekse vertaling daarvan en worstel.

In die Ou Afrikaanse vertaling is die gedeelte soos volg vertaal:

**Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie. Uit die drukke uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote—wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom. (Jesaja 53:7-8 AFR53)**

In Nederlands is daar 'n vertaling wat so gaan:

***Uit benauwing en gericht werd hij weggenomen, en wie zal zijne woonplaats uitvorschen? Want hij werd afgesneden uit het land der levenden.***

Dit gaan dus oor die staat van vernedering waarin die Verlosser Hom sou bevind.

- Filippus het dit wat hier geskryf staan natuurlik fisies ervaar toe die Here Jesus Christus gekruisig is.
- Vir hom is dit nie net sommer woorde wat vaagweg iets profeteer nie! Hy het die vervulling daarvan gesien gebeur.
- Wat meer is, hy voel die wonderlike blydschap daarvan om deel te wees van die gevolge van dit waarvan hier geprofeteer word.

### **Vers 34**

**En die hofdienaar antwoord sê vir Filippus: Ek bid u, van wie sê die profeet dit, van homself of van iemand anders? (Handelinge 8:34 AFR53)**

Die Etiopiër het meer verstaan as wat hy gedink het dat hy verstaan, want hy vat onmiddellik die kern van die probleem vas met sy vraag:

- Wie is die HY waaroor hierdie profesie gaan?
- Wie is die Onbekende wat dieper sal daal as enige ander mens, maar ook hoër gaan styg as enige ander mens?

### **Vers 35**

**En Filippus het sy mond geopen van hierdie Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig. (Handelinge 8:35 AFR53)**

In die Bybel kry ons dikwels letterkundige/taalkundige stylfigure. Hier het ons so iets.

- Die eunug het in die profesie van Jesaja gelees van die Persoon wat nie sy mond oopgemaak het nie – soos 'n skaap wat stom is terwyl hy geskeer word, het die voorspelde persoon geen geluid gemaak in sy oomblikke van lyding en vernedering nie.
- Die vers in Handelinge vertel dat Filippus – teenoor die voorspelde Persoon – sy mond wel oopmaak!

Daarmee word die vervulling van daardie profesie aangekondig!

- Daar was 'n tyd toe die Lam nie mag gepraat het nie.
- Waarom nie?
  - Stilswye beteken instemming.
  - Toe die Lam die straf voor sy skeerders deurgemaak het, het Hy ingestem om die straf van God te dra.
  - Dit was die tyd van stilswye/instemming omdat Hy tot sonde gemaak is vir die wat Hy red/verlos.

Maar nou is daardie tyd verby!

- Hy is nie meer 'n Lam wat geslag en geskeer word nie.
- Hy is nou die Regter wat oor alles en almal gaan oordeel – Hy swyg nie. Hy verkondig en Hy spreek reg.

Filippus wat 'n gestuurde van die Lam is, verkondig sy verlossing en sy oorwinning.

- Die woord wat in ons Bybel met **verkondig** vertaal is, beteken dat Filippus 'n bekeringspreek vir die Etiopiër gehou het.
- Filippus was dus 'n amptelike verkondiger van die verlossingsraad van God – al was daar net een man (is dit waar, want wat van die lyfwag?) in die erediens.
- Ons woord **evangeliseer** kom van daardie woord af. Dit beteken dat 'n plegtige handeling uitgevoer word waartydens die verlossingsboodskap van die Here Jesus amptelik aan iemand oorgedra word onder die leiding van God die Heilige Gees.

Kyk weer na die verloop van die gebeurtenis:

- Die Etiopiër wil weet of die profeet van homself praat of van iemand anders:

**Ek bid u, van wiesê die profeet dit, van homself of van iemand anders?**

- Natuurlik het hy al klaar vermoed dat die profeet van iemand anders praat – anders het hy nie die vraag gevra nie!
- Filippus het dadelik begin om vir die man die evangelie van die Here Jesus Christus te preek.

**En Filippus het sy mond geopen van hierdie Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig.**

- Hy preek dus inderdaad van die "**iemand anders**".
- Die Ongenoemde is Hy wat deur 'n engel van die Here aangekondig is, en wat deur die werking van die Heilige Gees in Maria tot stand gekom het.

**En kyk, jy sal swanger word 'n Seunbaar, en jy moet Hom Jesus noem.** (Lukas 1:31 AFR53)

Een ding is by implikasie baie duidelik uit hierdie stuk openbaring van die Here:

- As jy vir die Here wil werk, moet jy die Bybel ken!
- Filippus het die **Skryfte uitgelê** – met ander woorde hy het vir hierdie man geleer wat in die Bybel staan en wat dit alles beteken.

Wat het Filippus gepreek? Die Bybel gee die antwoord. Hy het by hierdie gedeelte begin en aan die hand daarvan alles wat met die Here Jesus Christus gebeur het, verduidelik.

**Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.**

- So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gebore laat word het om in ons plek aan God se geregtigheid te voldoen.
  - Hy moes deur God gestraf word vir ons sondes.
  - Daarom kom Hy as 'n Lam wat geslag moes word.
    - So is al sy lyding straflyding.
    - Daarom bly Hy stil – sodat Hy geslag kan word om daarmee die straf vir ons sondes te dra.
- Dit alles het Filippus self mos gesien gebeur met die kruisiging en die voorafgaande valse verhore!

**Uit die drukke uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote – wie het daarvoor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes?**

- In sy vernedering het Hy die straf en oordeel van God gedra.
- In hierdie hele gebeurtenis is Hy in sy mensheid van God verlaat en moes Hy sterf – afgesny raak van die lewendes.

**En hulle het die liggaam van Jesus geneem dit in doek toe gedraai saam met die speserye, soos die gewoonte van die Jode is om te begrawe.** (Johannes 19:40 AFR53)

- Hy is daaruit weggeneem beteken dat God Jesus uit die dood uit weggeneem het. Hy het Hom opgewek uit



die dood.

**Maar God het Hom uit die dode opgewek.** (Handelinge 13:30 AFR53)

**En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.** (Romeine 8:11 AFR53)

**En God het ook die Here opgeweken sal ons opwek deur sy krag.** (1 Korintiërs 6:14 AFR53)

Daarna moes die troos van self gepreek word vir die liggaamlik gesonde Etiopiër:

**Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom.** (Jesaja 53:7-8 AFR53)

- Die verskriklike oordeel en die dood waardeur die Here Jesus gegaan het, was plaasvervangend.
  - Dit was in ons plek – sodat ons herstel en vrygemaak van ons sondes met voor God kan verskyn – om vrygespreek te word en daarna vir ewig in sy koninkryk te kan lewe.
  - Maar ook sodat ons van ons liggaamlike letsels herstel kan word om voor God te kan verskyn – anders as wat hierdie Etiopiër sopas ervaar het!
    - Sy ontmanning het hom van fisiese aanbidding in die tempel weerhou toe hy pas in Jerusalem was.

### Vers 36

**En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdiensê vir hom: Daar is water; wat verhinder my om gedoopte word?** (Handelinge 8:36 AFR53)

Kyk net weer na die verloop van die geskiedenis:

- Die Etiopiër lees Bybel sonder dat hy verstaan.
- Die Here stuur Filippus om die Woord se vervulling in die Here Jesus Christus aan hom te verduidelik.
- Die man begryp en kom tot bekering.

Wat moet nou gebeur? Tot nou toe is almal wat tot bekering gekom het, gedoop. Dink ook aan die volgende uitspraak in die Bybel:

**En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doopen jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.** (Handelinge 22:16 AFR53)

Daarom is dit logies dat die Here presies dieselfde met die Etiopiër sal laat gebeur. Die stoet beweeg by water verby. Die gesprek moes nou al duidelik gehandel het oor die doop, want die man spreek die begeerte uit om gedoop te word.

*'n Modere vraag sou kon wees: Kan een mens alleen gedoop word?*

*Die antwoord is: Hier werk ons nie met die reël nie. Die Here openbaard dat die omstandighede buitengewoon is.*

*Daarom vra hy: Wat verhinder... ?*

Die Here Jesus het die volgende uitspraak gemaak:

**Hy wat gloen hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.** (Markus 16:16 AFR53)

Ons Gereformeerde Kerk stel die volgende vereistes vir die geldigheid van die doop:

1. Die dopeling moet gedoop word in die Naam van die Vaderen die Seunen die Heilige Gees.
2. Die dopeling moet deur 'n geordende prediker gedoop word.
3. Die dopeling moet met water gedoop word.
4. Die dopeling moet in 'n erediens gedoop word.

**Vraag** Voldoendie omstandighederondomdie Etiopiër hieraan?

Die vereistes is reg. Daarom gee die Here self deur sy Heilige Gees hierdie man die reg om gedoop te word.

**Wiesal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meernog, wat ook opgewekis, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.** (Romeine 8:33-34 AFR53)

### **Vers 37**

**Toesê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.** (Handelinge 8:37 AFR53)

**NB: In die meeste nuwe vertalings word hierdie vers weggelaat.**

Waar kry ons in ons kerk die gebruik vandaan dat volwassenes wat buite die verbond was, eers belydenis van hulle geloof moet aflê voordat hulle gedoop kan word?

Hierdie gebeurtenis openbaar dit. So ook 'n paar ander gebeurtenisse, bv die gebeure rondom Kornelius se bekering en doop:

**... Toe het Petrus begin spreek: Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie? En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here.** (Handelinge 10:46-48 33AV).

Filippus se ondersoek na die man se geloof gaan oor die inhoud van die man se geloof en die eegtheid daarvan (Dus: nie oor hoe baie of hoe min hy weet nie!)

Uit die belydenis van die Etiopiër kom ons meer dinge agter wat Filippus aan hom verduidelik het.

- Hy bely nie dat hy die inhoud van Jesaja verstaan nie.
- Hy bely die Verlosser:

**Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.**

Meteens staan ons voor een van die grootste oomblikke in die verbondsgeskiedenis:

- Die eerste heiden word gedoop!
- Daarna het daar baie heidene tot bekering gekom – maar hierdie Etiopiër was die eerste heiden wat gedoop is.

### **Vers 38**

**En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop.** (Handelinge 8:38 AFR53)

Die gebeurtenis het iets beeldends in:

- Hierdie magtige staatsamptenaar gee 'n teken en sy dienaars laat sy voertuig stilhou.
- Hy klim van sy vername sitplek af en gaan na die water toe – wat sy ootmoed uitbeeld waarmee hy neerbuig voor die hoë God.
- Daar is geen ander manier om in die koninkryk van die hoë God te kom as om die Almagtige te bely as God en Verlosser en om jouself voor Hom te verootmoedig nie.

So vind daar 'n waaragtige doop plaas met een predikant en een lidmaat tydens die verkondiging van God se Woord.

Die teken (water) gaan saam met die betekende saak (die verlossing/afwassing van sondes deur die Here Jesus Christus).

Die man bely dus met sy doop dat hy ook saam met die Here Jesus Christus gesterf het en saam met Hom opgestaan het in 'n nuwe lewe.

So word 'n heiden 'n Christen!

### Vers 39

**En toe hulle uit die water opklim, het die Gees van die Here Filippus kielik weggevoer, en die hofdienaar het hom nie meer gesien nie, want hy het sy weg met blydskap gereis.** (Handelinge 8:39 AFR53)

Die doop is afgehandel. God laat nog 'n wonderwerk gebeur:

- Die Heilige Gees neem Filippus weg van die Etiopiër af na 'n ander plek toe waar die Here hom nodig het!
- Die Here gee geen feite van hoe Hy dit gedoen het nie. Hy gee net die feit.

Die Here het dit meer kere gedoen. Dink net aan wat Obadja vir Elia gesê het. Ons kom agter dat die Gees van die Here Elia dus al meer as een keer laat “verdwyn” het:

**Asek nou van u af weggaan die Gees van die Here u wegneem—ek weet nie waarheen nie—en ek kom om Agabberig te bring en hy vind u nie, dan sal hy my doodmaak; en u dienaar vrees die Here van sy jeug af.** (1 Konings 18:12 AFR53)

Dan was daar nog Esegïel ook wat so iets oorgekom het:

**Toe het die Gees my opgehef en my weggeneem, en ek het gegaan, verbitterd in die grimmigheid van my gees; maar die hand van die Here was sterk op my.** (Esegïel 3:14 AFR53)

Het die verdwyning die Etiopiër gepla?

- Ja, in die sin dat hy inderdaad na Filippus gesoek het, want hy **het hom nie meer gesien nie**.
- Dit veronderstel dat hy hom probeer sien/gesoek het.

Meer as dit het dit die man nie gehinder nie, want hy was 'n veranderde mens.

- Hy was nie meer die een wat in 'n sekere sin eensaam op die wa gesit en hardop voorlees uit die Bybel nie.
- Hy was 'n vervulde mens wat God vir ewig gevind het.
- Die geestelike vervuldheid was so groot dat dit nie plek gelaat het om hartseer te wees oor die man wat meteens weggeraak het nie.
- Hy is met blydskap verder op pad na sy tuisland toe.

Die gebeurtenis laat ons dink aan Jesaja 35 – terwyl hy tog uit Jesaja gesit en lees het!

**en die losgekooptes van die Here sal teruggaan na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry, maar kommeren gesug vlug weg.** (Jesaja 35:10 AFR53)

### Vers 40

**Maar Filippus is in Asdod gevind. En hy het die land deur gegaan die evangelie verkondig in al die stede, totdat hy in Cesaréa gekom het.** (Handelinge 8:40 AFR53)

Wat van Filippus? Hy word deur die Here verskuif van die wa af wat op pad was na Gasa toe, na 'n plek wat vyf kilometer noord van Gasa lê: Asdod. Asdod was 'n Filistynse stad. Ons lees daarvan onder andere in Josua 13:

**... van die Sihor aan die kant van Egipte af tot by die grens van Ekron na die noorde, wat as Kanaänities gereken word; die vyf vorste van die Filistyne: dié van Gasa en dié van Asdod, dié van Askelon, dié van Gat en dié van Ekron, en die Awiete** (Josua 13:3 AFR53)

Filippus se werk het nie by Asdod geëindig nie! Dit was maar net weer die begin van 'n nuwe sending om die Evangelie van die Here Jesus Christus te verkondig.

- Van Asdod af is hy al prekende na Cesaréa toe.
- Dit beteken dat hy deur 'n hele paar dorpe moes reis: Lidda, Joppe, Jamnia, Appolonia en Cesaréa.

Cesaréa was 'n dorpie (stadjie?) wat deur Herodes I aangelê is ter ere van die keiser.

- Hy het die plekkie Kaisereia Sebaste genoem.
- Dit was 'n plek wat in daardie jare in 'n belangrike wêreldstad ontwikkel het.

Blykbaar het Filippus hom hier gevestig.

**En die volgendedag het ons, die geselskap van Paulus, vertreken in Cesaréa aangekom; en ons het ons intrek geneem in die huis van Filippus, die evangelis, wat een van die sewediakens was, en by hom gebly.** (Handelinge 21:8 AFR53)